

# Kategeet werkblad: 30 Januarie 2011

---

## Teksgedeelte:

Jesaja 16:1-14

## Agtergrond:

*(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)*

Die Godspraak oor Moab is soos vorige hoofstuk ook vir Juda se ore bedoel. Die profeet wil veral hê dat Juda sal begryp hoe die Here oor Moab voel.

In vers 3 smee die boodskappers uit Moab Juda: '[Gee raad, maak 'n beslissing, maak soos die nag jou skaduwee in die middel van die dag, steek weg die voortvluggende, verrai die vlugteling nie]!' Moab vra Juda om 'n onpartydige beslissing oor hul situasie te fel én om iets aan hul benarde posisie te doen. Die Assiriërs het die Moabiete soos son in die middel van die dag verbrand. Die Moabiete pleit vir skaduwee in Juda. In vers 4 pleit hulle vir toegang tot en beskerming deur Juda.

Die Moabiete en Judeërs het Lot, die broerskind van Abram en Rut, die ma van Obed die voorvader van Dawid, in gemeen (Rut 4:22).

In vers 5 lê die skrywer(s) die volgende woorde in die mond van die Moabitiese boodskappers: '[En opgerig in genade is 'n troon en een sit daarop in getrouheid in die tent van Dawid, 'n regter wat geregtigheid soek, ervaar in die regspraak.]' Die Moabiete sien uit na die dag wat 'n koning uit die nageslag van Dawid die Assiriërs tot 'n val sal bring.

Maob is nie al wat huil nie. Vers 9 sê die profeet huil ook: '[Daarom huil ek om te huil Jaéser, wingerd van Sibma; ek deurweek jou met my trane, Hesbon en Eleále, omdat daar daar oor jou somervrugte en jou oes se vreugderoep 'n stilte neergedaal het.]' Wanneer die profeet huil, huil God. Soos die koning en die priester verteenwoordig Jesaja die liefdevolle God by mense. Vers 11 sê hoe die vernietiging van Moab en die Moabiete die Here raak: '[Daarom kla my ingewande oor Moab soos 'n siter, en my binneste oor Kir-Heres.]' Die Here se binneste bewe van ontsteltenis. Vir die mense destyds was die ingewande die setel van hulle emosies.

Jesaja wil hê Juda moet weer in die Moabspieël kyk en hierdie keer sien hoe jammer die Here die Moabiete kry. Juda moet besef die Here het medelye met mense in nood, daarom moet hulle dit betoon.

Soos wat die Here aan Juda skuiling bied wil hy hê dat hulle aan Moab moet skuiling bied, al ken Juda hulle geskiedenis en vertrou Juda hulle nie noodwendig nie.

## Verwagte uitkoms:

Wat beteken dit om binne die konteks van ons gemeente aan mense skuling te bied? Hoe reik ons uit na mense wat hulp soek binne ons omgewing?

## Aksie:

**Vertel of lees aan die groep die verhaal van Ragab wat die verkenners skuling gegee het voor (Josua 2:1-24).** Daar sal ook 'n strokiesprent weergawe beskikbaar gestel word.

Dramatiseer vir die kinders die verhaal of laat hulle dit opvoer.

## Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

## Diamant vrae:

- Laat die kinders in karakters op deel (die meisies kan Ragab wees, van die seuns soldate of verspieders) en die verhaal dramatiseer soos wat jy dit vertel. (Jy kan dalk eers aan hulle die verhaal vertel en laat hulle dit daarna opvoer.)
- Wat het julle verwag sou in die storie gebeur, wat toe nie gebeur het nie?

## Hart vrae:

- As jy vir die verhaal van Ragab wat vir die verkenners skuling gegee het tema musiek moes skryf, hoe sou dit klink? Watter liedere wat jy ken sou hierby gepas wees?
- Hoe het jy gevoel teenoor 'n maat wat 'n geheim van jou gehou het?
- Hoe voel dit om 'n geheim van iemand anders te hou?

## Skoppens vrae:

- Hoe stem die verhaal van Ragab en die verhaal van Moab met mekaar ooreen? [Beide gaan oor skuling, Moab moes by Juda skuling vind al wou Juda hulle nie vertrou en Ragab het aan die verspieders skuling gegee wat haar stad wou binneval]
- Op watter maniere bied ons gemeente op die oomblik skuling of hulp aan die mense in ons omgewing?
- Op watter maniere behoort ons nog skuling of hulp te gee aan mense in ons omgewing?

## Klawers vraag:

- Wat sê dit vir mense wanneer ons van die gemeente se kant af hulp gee? [Ons gee skuling of hulp want dit is wat God sou doen, ons wil vir mense wys wie God is.]
- Onthou: óns is almal saam die Kerk! Wat kan jy nog doen (hoe kan jy hulp/skuling gee), wat aan mense sal wys dat God vir hulle omgee?